# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2 13 September 2020

## Matteus 6:25-34

Jesus sê vir ons in Matteus 6:25-34 dat ons nooit bekommerd hoef te wees oor daardie dinge waarin God beloof om te voorsien nie, omdat kommer baie nadelige gevolge het. Ervaar jy tans vandag self negatiewe gevolge van kommer? Kommer breek mens se liggaam af want dit lei daartoe dat 'n mens nie kan eet of slaap nie. Dit lei daartoe dat jou gedagtes heeltemal oorheers word deur dit waaroor jy bekommerd is. Dit belemmer jou vermoë om produktief te wees omrede jou gedagtes gevange geneem word deur die kommer. Dit het 'n negatiewe uitwerking op jou optrede teenoor ander. Maar die belangrikste van alles is dat dit jou vermoë om op God te vertrou, belemmer.

Ons teks gedeelte gee vir ons sewe redes waarom ons nie moet bekommer nie: Jy kan jou lewe elke dag toevertrou aan dieselfde God wat jou 'n lewende wese gemaak het (vers 25); kommer oor die toekoms haal jou uit rat uit vir vandag (vers 26); kommer doen meer skade as wat dit help (vers 27); God ignoreer nooit diegene wat op Hom vertrou nie (vers 28-30); kommer dui op 'n gebrekkige geloof en begrip van God (vers 32); God wil hê dat jy werklike uitdagings die hoof moet bied en kommer weerhou jou daarvan (vers 33); en doen elke dag wat jy kan, dan sal jy nooit deur kommer vernietig word nie (vers 34).

As jy aan God die eerste plek in jou lewe gee, beteken dit dat jy eerste na Hom sal gaan as jy hulp nodig het en dat jy Sy wil gedurig in jou gedagtes sal wees, dat sy liefde en genade jou voorbeeld sal wees, dat jy Hom in alles sal dien en in alles aan Hom gehoorsaam sal wees. Jy moet vandag vir jouself afvra wat regtig vir jou belangrik is. Mense, materiële dinge, behoeftes en begeertes is alles besig om vir die belangrikste plek in jou lewe te veg. As jy nie doelbewus vir God eerste die plek op elke terrein van jou lewe gaan gee nie, gaan dit vir enige van die ander dinge maklik wees om Hom van sy eerste plek te beroof. Om vir môre te beplan, is baie goed; om oor môre bekommerd te wees, is baie sleg en 'n verkwisting van tyd. Dit is soms moeilik om die verskil tussen die twee raak te sien. Noukeurige beplanning beteken dat jy sal nadink oor jou doelwitte en die maniere waarop jy hulle kan bereik en dat jy op God sal vertrou. Goeie beplanning kan help om kommer te verminder. Die mens wat altyd bekommerd is, word deur vrees verteer. Dit is vir hom baie moeilik om op God te vertrou. Hy laat toe dat sy bekommerde en paniekerige beplanning vir die toekoms sy verhouding met God belemmer.

Moenie toelaat dat kommer oor die toekoms en dinge jou verhouding met God vandag belemmer nie.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Psalm 37:18-19 -

### Loflied

- O Heer my God (LB 464) -

### Skriflesing en Oordenking

- Matteus 6:25-34 -

### Wil van die Here (Wet)

-

### Skuldbelydenis

-

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

-

### Geloofsbelydenis

-

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

- Ons Vader (LB 266) -

# Delf dieper

## Ingrypende Genade

**#Bybelvasvra:**

Waarvoor is Matteus as evangelie bekend? (Wenk: Dit word gevind in Mat. 5-6)

Hierdie gedeelte in die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit met jou?
2. Waaroor is jy bekommerd?

### 2) Na God:

1. Lees Matteus 6:25-34 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat beteken hierdie gedeelte vir jou, in verband met dit waaroor jy bekommerd is?
3. Dink jy God vat ons bekommernisse weg?

### 3) Na mense:

1. Fokus hierdie week op die dinge wat jy wel kan doen.

## MOENIE BEKOMMERD WEES NIE

### MATTEUS 6:25-34



Gaan lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met pappa en mamma. Was jy al bekommerd oor iets? Mense gebruik partykeer die woord "worry". So, waaroor "worry" jy? Kom ons kyk wat sê Jesus hieroor…


Wanneer ons hierdie gedeelte lees sien ons dit is eintlik baie eenvoudig: moenie bekommerd wees nie. Dit is nie vir ons nodig om oor dinge te "worry" nie, veral nie oor "Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek" nie (soos ons in vers 31 lees). God weet wat elkeen van ons nodig het en Hy sal voorsien daarin. God sal altyd vir ons sorg. Hy sorg selfs vir die wilde voëls, die lelies in die veld en die gras. As Hy daarvoor sorg, hoeveel te meer sorg Hy nie vir jou nie? Daarom moet ons nie bekommerd wees oor al hierdie dinge nie, maar ons moet eerder daarop fokus om elke dag aan God te dink en vir Hom te leef.

Kom ons lees weer vers 33:

*"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

So, ons moet elke dag doen wat God wil hê. Dit is natuurlik om vir Hom lief te wees en ook vir jou naaste. Ons moet elke dag vir God vra om ons te help om nie bekommerd te wees nie, maar om eerder op Hom te fokus. Ons moet elke dag kies om aan God te dink, eerder as aan ons bekommernisse.

God sal altyd vir ons sorg en vir ons gee wat ons nodig het. Daarom hoef ons nie bekommerd te wees nie.



# Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 13 September** | |
| Charlotte Olivier | 012 460 8679 |
| Elize Steyn | 012 804 2690 |
| Aldo Stoltz | 072 337 0679 |
| **Maandag 14 September** | |
| Meisie Kitching | 082 926 4296 |
| Ferdi van Niekerk | 012 804 2690 |
| **Dinsdag 15 September** | |
| Adriaan de Wet | |
| Koos Gerber | 082 339 6506 |
| Lisa-Jean Hanson | |
| **Woensdag 16 September** | |
| Louise Crous | |
| Marius Stoltz | 072 337 0679 |
| Chante van Deventer | 083 380 8806 |
| Johan van Tonder | 012 804 3092 |
| **Donderdag 17 September** | |
| Nevin du Toit | 082 820 0343 |
| Hester Greyling | 071 362 5500 |
| Christopher Grib | 072 020 6346 |
| **Vrydag 18 September** | |
| Martyn Nagtegaal | 082 434 1614 |
| Chris Scheepers | 072 372 7574 |
| **Saterdag 19 September** | |
| Mariska Harding | 012 804 1442 |
| Rieth Schnetler | 012 804 6183 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

# Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Johan Venter (Familie van Ma Max) - Deon de Bruyn

**OPERASIES**
Seun Green

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller
Mariska en Ruan Auret

**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
Matrieks wat met hul Rekord eksamen begin




## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™